**18 Mei 2020 - Afrikaans: Graad 7: Werksoef. 1.6**

**MEMORANDUM (Literatuurstudie, gedig / 15 Mei 2020)**

**1**

**1.1 sardientjies in 'n blik**
**1.2 een van die sardientjies**
**1.3 'n kermisbed**
**1.4 dis te opmekaar, die ander sardientjie se elmboog druk in sy of haar sy.**
**1.5 personifikasie**
**1.6 Mense lê plat op 'n kermisbed, ingeryg, teenmekaar; mense in 'n kermisbed voel soos sardientjies in 'n sardientjieblik**
**1.7 Daar is baie mense, bv. in 'n voertuig, 'n kamer of 'n spesifieke ruimte.**
**1.8 twaalf**
**1.9 Eie antwoord**
**1.10 Eie antwoorde**
**1.11 Kloustrofobie, engtevrees, noutevrees, *benoud,ruimtevrees***
***1.12* Eie antwoorde**

**Werksoefening 1.6: Skryf en aanbied**

**Julle het die Staatsteater in Pretoria, Gauteng, besoek.**
**Dit was 'n besonderse belewenis. Die volgende dag het jy en jou maat gaan fliek.**

**Fliekgids**

**Lees die onderstaande fliekresensies aandagdig deur, en beantwoord dan die vraag.**

| | |
|---|---|
| **10** | **Meesterlik** |
| **9** | **Uitstekend** |
| **8** | **Baie goed** |
| **7** | **Moeite werd** |
| **6** | **Verdienstelik** |
| **5** | **Middelmatig** |
| **4** | **Twyfelagtig** |
| **3** | **Nie moeite werd nie** |
| **2** | **Swak** |
| **1** | **Vermy** |

**GESIN:**
**8/10 *Harry Potter***
**Die leuke towenaar begin sy eerste jaar by Hogwarts, skool van towerkuns en heksery, minwetend van al die avonture wat op hom wag … Betowerend inderdaad! Met Daniel Radcliffe, Rupert Grint en Emma Watson.**

**KOMEDIE:**
**8/10 *Monsters, Inc.***
**In dié rekenaar-geanimeerde prent ontdek 'n dogtertjie monsters onder haar bed, asook die verbeeldingswêreld waaruit hulle kom. Deur die skeppers van *Toy Story*, Pixar Studios.**

**FANTASIE:**
**9/10 *Lord of the Rings***
**‘n Antieke ring word aan ‘n jong Hobbit genaamd Frodo toevertrou en hy moet op ‘n epiese reis vertrek om Lord Sauron se bose regering te vernietig. Met Elijah Wood, Cate Blanchett, Liv Tyler, en Ian McKellen.**

**DRAMA:**
**7/10 *Bubble Boy***
**‘n Jong man is allergies vir byna alles wat bestaan en moet in ‘n plastiekborrel leef. Toe sy kinderliefde besluit om met die verkeerde ou te trou, maak hy ‘n draagbare borrelpak en durf die wêreld daarbuite aan om haar liefde te wen. Met Jake Gyllenhaal.**

## Skryf nou jou eie resensie van ‘n opvoering, fliek of video wat jy die dag gesien het. (Ongeveer 100 woorde.)